

## Hoofrekena


- 1 Noem die veelvoude tot by 144 van: 11; 12; 13; 14; 15; 16; 17; 18; 19; 20; 21; 22; 23; 24; 25.
- 2 Noem al die faktore van die veelvoude in die  $12 \times 12$  vermenigvuldigingstafel, byvoorbeeld, die faktore van 12 is 1; 2; 3; 4; 6; 12.

## Wat is 'n priemfaktor?

'n Faktor van 'n getal deel presies in die getal in. Die faktore van 96 word aan die regterkant getoon. Hierdie faktore maak faktorpare. 'n Priemgetal is 'n getal met net twee faktore, die getal self en 1. Die priemfaktore van 96 is:

- 2 (want sy enigste faktore is 2 en 1)
- 3 (want sy enigste faktore is 3 en 1).

Onthou, 1 het net een faktor, dus is dit nie 'n priemgetal nie.



## Bepaling van priemfaktore

Jy kan priemfaktore bepaal deur verdubbeling en halvering te gebruik.

## Kom ons doen 'n voorbeeld

Bepaal die priemfaktore van 36.

Bepaal eers al die faktore van 36. Gebruik verdubbeling en halvering:

$$36 = 1 \times 36; 36 = 2 \times 18; 36 = 4 \times 9$$

As 9 'n faktor is dan moet 3 ook 'n faktor wees, want  $9 = 3 \times 3$

$$36 = 3 \times 12; 36 = 6 \times 6$$

Die faktore van 36 is 1; 2; 3; 4; 6; 9; 12; 18; 36

Haal faktore met meer as een faktorpaar deur:

$$1; 2; 3; 4; 6; 9; 12; 18; 36$$

Haal 1 deur, want 1 is nie 'n priemgetal nie:

$$2; 3; 4; 6; 9; 12; 18; 36$$

Die priemfaktore van 36 is 2 en 3.

## Aktiwiteit 1

1 Bepaal die faktore en die priemfaktore van die volgende getalle:




- (a) 84      (b) 88      (c) 90      (d) 96  
 (e) 99      f 100      g 108      h 110  
 i 120      j 121      k 132      l 144

2 Bepaal die faktore en die priemfaktore van die volgende getalle:

- (a) 68      (b) 76      (c) 85      (d) 95  
 (e) 98      f 105      g 110      h 112  
 i 128      j 130      k 135      l 140

## Deling deur 10, 100 en 1 000

Wat gebeur met 'n getal wanneer jy dit deel deur 10, 100 en 1 000?



## Aktiwiteit 2

1 Kyk na die vloeiagramme hierbo. Wat gebeur met die waardes van die syfers van 'n getal wanneer jy dit:

- a deel deur 10  
 b deel deur 100  
 c deel deur 1 000

2 Bereken:

- a  $2\ 000 \div 10$   
 $2\ 000 \div 100$   
 $2\ 000 \div 1\ 000$   
 d  $3\ 000 \div 10$   
 $3\ 000 \div 100$   
 $3\ 000 \div 1\ 000$

- b  $50\ 000 \div 10$   
 $50\ 000 \div 100$   
 $50\ 000 \div 1\ 000$   
 e  $60\ 000 \div 10$   
 $60\ 000 \div 100$   
 $60\ 000 \div 1\ 000$

- c  $800\ 000 \div 10$   
 $800\ 000 \div 100$   
 $800\ 000 \div 1\ 000$   
 f  $900\ 000 \div 10$   
 $900\ 000 \div 100$   
 $900\ 000 \div 1\ 000$